

Adrian, spina bifida en BabaGim

Lauren Leslie

Ek het 'n normale swangerskap en baie ontspanne bevalling gehad. Adrian is op 17 September 2008 gebore. Hy wou egter nie drink nie en het ook glad nie mekonium uitgeskei nie. Die verpleegster het hom uiteindelik teen twaalfuur die nag weggeneem sodat ek kon rus. Toe ek vieruur die oggend wakker word, het die pediater langs my bed gestaan. My seuntjie het 'n ongeperforeerde anus gehad! Wat 'n skok! Hy kon nie drink nie en ek kon hom glad nie vashou vir die eerste 10 dae van sy lewe nie, want hy was aan allerhande masjiene en pype gekoppel.

Al wat ek onthou, is hoe baie ek na my ander seuntjie verlang het wat tuis by familie moes bly. In elk geval, Adrian moes 'n hele spul operasies ondergaan om sy ongeperforeerde anus te herstel. Ek en my seuntjie het egter nie behoorlik gebind nie. Ek dink ek was net eenvoudig te bang dat ons hom tydens een van die vele operasies kon verloor!

Op 5 maande het ons met BabaGim[®] begin. Wat 'n ongelooflike ervaring! Jo-Marie het die 5 weke lange kursus na 10 weke verleng sodat Adrian die meeste daaruit kon kry. Dit het ons verhouding verander ... al die massering, dansery en MAGIETYD! Omdat Adrian 'n kolostomie gehad het vir die eerste 4 maande van sy lewe, het ek hom nooit op sy magie laat lê nie. Hy is dol daaroor om in die spieël na homself te kyk, en met die spieëltjies voor hom het hy die magietyd gate uit geniet. Die "I LOVE YOU" vir hardlywigheid help regtig baie, want hardlywigheid was (en is nog steeds) 'n groot probleem.

Op 9 maande het ons uitgevind dat Adrian 'n ligte vorm van spina bifida het – 'n geankerde rugmurg en ontwikkelingsgebrek van die corpus callosum (die middelste gedeelte van die brein wat met die linker- en regterlobbe kommunikeer). As gevolg hiervan het hy baie gesukkel om te kruip en sy hande te klap. Dit is waar die nuttigste en waardevolste deel van BabaGim[®] ingekom het. Ek het in week 4–5 geleer van middellynkruisingsaktiwiteite, rol en om met die teenoorgestelde hande aan die knieë te raak! Sonder dat ons bewus was van sy diagnose ... was ons reeds besig om nuwe paadjies in sy brein te skep om daardie boodskappe te stuur. Ek glo dit het 'n enorme verskil gemaak aan sy ontwikkeling tot nou toe!

Adrian is nou 16 maande oud en ons doen nog steeds baie van die oefeninge wat ek in BabaGim[®] geleer het. Hy besoek op die oomblik 'n fisioterapeut (wat fantasties is!) en het ook na 'n arbeidsterapeut toe begin gaan. Hy kan al omrol en uit 'n sit- en lêposisie in die kruipposisie kom. Ek glo hy gaan binnekort begin kruip, want die wil is beslis daar! Wanneer hy begin loop, sal hy spalke nodig hê om hom te ondersteun.

Adrian straal altyd van trots wanneer hy iets bemeester! Hy is 'n ongelooflike seuntjie; hy is altyd liefdevol en opgewek! Hy en sy ouer boetie, Grant (4), het 'n fantastiese verhouding. Grant het nog nie een keer gevra wat fout is met Adrian nie. Hy aanvaar hom net en is baie lief vir sy broer. Grant het ook baie voordeel getrek uit die BabaGim[®] – die massering is sy gunstelingdeel!

